**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidensie



# ŉ Dissipel se Lewe

Dertig jaar gelede het ŉ jong universiteitstudent in Ghana genaamd Doe vir die eerste keer ŉ LDS-vergadersaal binnegegaan. ŉ Vriend het Doe uitgenooi om saam met haar te gaan, en Doe was nuuskierig om meer te weet oor die Kerk.

Die mense daar was so vriendelik en aangenaam dat sy nie kon help om te wonder "Watter soort kerk is dié?" nie.

Doe was so beïndruk dat sy besluit het om meer te leer oor die Kerk en sy mense wat met soveel vreugde gevul was. Toe sy dit begin doen het, het welmenende familie en vriende begin om haar om elke draai teen te staan. Hulle het vreeslike dinge oor die Kerk gesê en alles gedoen wat hulle kon om haar te ontmoedig.

Maar Doe het ŉ getuienis ontvang.

Sy het geloof gehad, en sy het die evangelie liefgehad, wat haar lewe met vreugde gevul het. En dus het sy die waters van die doop binnegegaan.

Daarna het sy haarself in studie en gebed verdiep. Sy het gevas en die invloed van die Heilige Gees in haar lewe nagestreef. As ŉ gevolg het Doe se getuienis en geloof sterker en dieper geword. Uiteindelik het sy besluit om ŉ voltydse sending vir die Here te dien.

Nadat sy van haar sending teruggekom het, het sy met ŉ teruggekeerde sendeling uitgegaan en getrou —dieselfde een wat haar jare vroeër gedoop het— en hulle is later in die Johannesburg Suid-Afrika Tempel geseël.

Baie jare het verbygegaan sedert Doe Kaku vir die eerste keer die vreugde van die evangelie van Jesus Christus ervaar het. Gedurende daardie tyd was die lewe nie altyd maklik vir haar nie. Sy het haar deel van hartseer en wanhoop, insluitend die verlies van twee kinders, verduur— die diepe droefheid van daardie ondervindings lê nog steeds swaar op haar hart.

Maar sy en haar man, Anthony, het gestreef om nader aan mekaar te kom en aan hulle geliefde Hemelse Vader, wat hulle met hulle hele hart liefhet.

Vandag, 30 jaar nadat sy die waters van die doop binnegegaan het, het Suster Kaku onlangs nóg ŉ voltydse sending voltooi—hierdie keer aan die sy van haar man, wat ŉ sendingpresident in Nigerië was.

Diegene wat Suster Kaku ken sê daar is iets spesiaals omtrent haar. Sy is stralend. Dit is moeilik om tyd saam met haar te spandeer sonder om self gelukkiger te voel.

Haar getuienis is seker: "Ek weet dat die Verlosser my sien as sy dogter en vriend" (sien Mosia 5:7; Ether 3:14) sê sy. "En ek leer en probeer so hard om ook sy vriend te wees—nie net deur wat ek sê nie maar ook deur wat ek doen."

### Ons is Dissipels

Suster Kaku se verhaal is soortgelyk aan dié van baie ander. Sy het ŉ begeerte gehad om die waarheid te wete te kom, sy het die prys betaal om geestelike lig te bekom, sy het haar liefde vir God en haar medemens bewys en terselfdertyd swaarkry en droefheid ervaar.

Ongeag die teenstand, ongeag die droefheid, het sy voortgebeur in geloof. En net so belangrik, sy het haar

vreugde behou. Sy het nie net 'n wyse gevind om die swaarkry van die lewe te verduur nie, maar om te floreer ten spyte daarvan!

Haar verhaal is soortgelyk aan joune en myne.

Ons reis is selde gelyk of sonder beproewing.

Ons het elkeen ons hartseer, ons teleurstellings en ons droefheid.

Ons mag selfs ontmoedig en somtyds oorweldig voel.

Maar diegene wat 'n dissipel se lewe leef —wat getrou bly en vorentoe beur in geloof; wat God vertrou en sy gebooie onderhou;[1] wat die evangelie dag vir dag en uur vir uur leef; wat Christelike diens lewer aan diegene om hulle, een goeie daad op 'n slag— is diegene wie se klein handelinge dikwels 'n groot verskil maak.

Diegene wat 'n bietjie meer mensliewend is, 'n bietjie meer vergewensgesind en 'n bietjie meer barmhartig is, is die barmhartiges wat barmhartigheid sal ontvang.[2] Diegene wat hierdie wêreld 'n beter plek maak, een besorgde en liefdevolle daad op 'n slag, en wat streef om die geseënde, bevredigende en vreedsame lewe van 'n dissipel van Jesus Christus te lei, is diegene wat uiteindelik vreugde sal vind.

Hulle sal weet dat die liefde van God, wat hom ver en wyd uitstort in die harte van die kinders van mense . . . die begeerlikste bo alle dinge is . . . en die verblydendste vir die siel."[3]

**NOTAS**

1. Sien Mosia 4:6.
2. Sien Matthéüs 5:7.
3. 1 Nefi 11:22–23.

---

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

President Uchtdorf leer ons dat die pad van dissipelskap moeilik is, maar dat diegene wat die "vreedsame lewe van 'n dissipel van Jesus Christus lewe, diegene is wat uiteindelik vreugde sal vind." Net soos President Uchtdorf die verhaal van Doe vertel om te wys hoe 'n ware dissipel van Christus vrede en vreugde kan vind ten spyte van die lewe se beproewings, mag jy dit oorweeg om 'n verhaal van jou eie lewe te deel waarom jy kies om Christus te volg en hoe Hy jou versterk het. Wanneer jy deur die Gees gelei word, kan die deel van persoonlike ervarings diegene wat jy onderrig, versterk.

## JEUG

### Vreugde as 'n Dissipel van Jesus Christus

Het jy al ooit 'n slegte dag gehad? Wat het jy gedoen om jouself op te beur? President Uchtdorf weet dat "ons elkeen ons hartseer het, ons teleurstellings, ons droefhede. Ons mag selfs ontmoedig en somtyds oorweldig voel."

Sy oplossing is om wat hy "'n dissipel se lewe" noem, te lei: "bly getrou en hou aan vorentoe beur in geloof." As ons vorentoe beur in geloof, is ons in staat om God te vertrou, sy gebooie te onderhou, en andere te dien—en vreugde te voel tydens dit alles! Soos President Uchtdorf gesê het: "Diegene wat 'n dissipel se lewe lei . . . is diegene wie se klein handelinge dikwels 'n groot verskil maak."

Oorweeg dit om 'n lys te maak van maniere hoe jy 'n dissipel se lewe kan lei. Byvoorbeeld, jy kan 'n diens-idee neerskryf soos "Help 'n ouer om aandete voor te berei" of 'n idee om die gebooie te onderhou soos "Bid vir meer geduld met my broers en susters." Die volgende keer wat jy gefrustreerd en oorweldig voel, haal jou lysie uit, kies 'n idee, en probeer dit!

## KINDERS

### Gelukkige en Treurige Tye

Sommige dae het minder aangename oomblikke. En dit is aanvaarbaar. Jesus kan jou help om deur die dag te kom.

Teken 'n gesig met 'n frons. Hoe kan Jesus jou help wanneer jy treurig is? Teken nou 'n gesig met 'n glimlag. Hoe kan Jesus jou help om gelukkig te wees?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17. Vertaling van die *First Presidency Message, August 2017*. Afrikaans. 97928 501

# Lewe 'n Toegewyde Lewe

**Geloof Familie Verligting**

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om inspirasie om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die doel van die Verligtingsvereniging dogters van God help om voor te berei vir die seëninge van die ewige lewe?*

"Om toe te wy is om iets af te sonder of te wy as iets heiligs, toegewys vir heilige doeleindes," het Ouderling D. Todd Christofferson van die Kworum van die Twaalf Apostels gesê. "Ware sukses in hierdie lewe word bereik deur ons lewens toe te wy —dit is, ons tyd en keuses— aan God se doeleindes."[1]

Ouderling Neal A. Maxwell (1926–2004) van die Kworum van die Twaalf Apostels het gesê: "Ons neig om slegs aan toewyding te dink as die oorgawe, wanneer goddelik gebied, van ons materiële besittings. Maar volkome toewyding is om onsself oor te gee aan God."[2]

Wanneer ons onsself toewy aan God se doeleindes, sal ons geloof in Jesus Christus en sy Soendood toeneem. Wanneer ons 'n toegewyde lewe lei, kan ons heilig gemaak word deur daardie handelinge.

Carole M. Stephens, Eerste Raadgewer in die Verligtingsvereniging Presidensie het gesê "Ouderling Robert D. Hales het geleer: 'Wanneer ons verbonde sluit en onderhou, beweeg ons uit die wêreld en in die koninkryk van God in.'

"Ons is verander. Ons lyk anders en ons tree anders op. Die dinge waarna ons luister en lees en sê is anders en wat ons dra is anders omdat ons dogters van God word, gebind aan hom deur 'n verbond."[3]

Toewyding is die verbond wat God sluit "met die huis van Israel; ná dié dae, spreek die Here: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees" (Jeremia 31:33). Om 'n toegewyde lewe te leef is in harmonie met God se plan vir ons.

## *Addisionele Skrifgedeeltes*

1 Thessalonicense 1:3; Leer en Verbonde 105:5

*reliefsociety.lds.org*

**NOTAS**

1. D. Todd Christofferson, "Reflections on a Consecrated Life," *Liahona,* Nov. 2010, 16.
2. Neal A. Maxwell, "Consecrate Thy Performance," *Liahona,* Julie 2002, 39.
3. Carole M. Stephens, "Wide Awake to Our Duties," *Liahona,* Nov. 2012, 115–16.

## *Ter Oorweging*

Hoe help die toewyding van ons lewens aan die Here ons om meer soos Hy te word?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17. Vertaling van *Visiting Teaching Message, August 2017*. Afrikaans. 97928 501